

Skriflesing: Joh 7:37-39

Tema: Strome lewende water vloei uit ons wat eens dors was.

Christus les ons geestelike dors.

Die Heilige Gees laat strome lewende water uit ons vloei.

Tydens die huttefees het feesgangers in hutte gewoon wat van blare en takke gemaak is. Hulle het dit gedoen as herrinerings aan hul verblyf in die woestyn na die uittog uit Egipte. Dit was 'n vrolike fees en baie offers is gebring.

Een van die seremonies was die uitgiet van water uit die Siloamfontein op die altaar. Dit was 'n simboliese gebaar van dankbaarheid teenoor God vir sy redding uit Egipte. Dankbaarheid dat Hy in die woestyn gesorg en water voorsien het. Dit was ook 'n gebed om reën vir die seisoen wat voorlê.

Duisende mense het gedans, gesing, gebid en geblaas op trompette wanneer die water in die tempel inkom het en uitgiet is op die altaar. Daarna word almal stil...

Niemand het iets gesê nie, dit was die hoogtepunt en einde van die fees. In die stilte het die mense gedink aan hoe God hulle voorouers geseën het, hoe God hulle geseën het en hulle het gebid en gevra dat God hulle weer sal seën.

In hierdie stilte staan Jesus op en roep: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!" (Joh 7:37)

Jesus sluit aan by God se roep in Jes 55:1

"Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk."

As iemand dors het...., hierdie opmerking moes skokkend gewees het vir die feesgangers. Vir dae lank vier hulle geestelik fees. Is dit moontlik dat hier nog iemand is wat dors is?

En tog gebeur dit vandag nog. Mense word in die kerk groot en mis nie 'n erediens nie. Tog smag hulle soekend dat hulle geestelike dors geles moet word.

Vir almal wat so dors is, is daar goeie nuus!! Jesus het gekom vir mense wat in sondedors vasgevang is en smag na lewende water. Ons lees in die volgende Mat 9:36 "Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie." In Mat 11:28 sê Hy: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."

Daarom nooi Hy: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!" Dit is die hart van die evangelie.

Erken dat jy dors het, dat jy nie tevrede is met wie jy is en wat jy het nie en dat jy jouself nie kan red nie. Erken dat jy Christus nodig het. Dit is die eerste stap van geestelike groei. Dit is net Jesus wat nuwe lewe en groei in ons lewens kan bring. Hoor Hom nooi: "Kom na My toe. Gee in geloof aan My oor. Ek is die Weg uit 'n sondedors lewe. Kom drink uit die bron van lewe. Sommer so, gratis. Kom, koop sonder geld en sonder om te betaal."

Jesus se uitnodiging ken geen voorwaardes en stel geen grense nie. Niemand kan sê: "Ek is te sleg" of soos ons kerkmense eerder sê: "Ek is nog nie goed genoeg nie."

Gaan na Jesus toe met jou sonde en skuld, met jou geestelike worstelinge, mislukkings en seer. Hoor hoe Hy jou nooi: "Kom jy wat dors het. Kom soos jy is en kom drink. Kom luister na my Woord. Praat met my in gebed. Aanbid saam met medegelowiges. Kom

aanvaar in geloof vergewing van sondes wat God in Christus wil skenk. Ek neem jou sondedors en verlorenheid weg. Ek gee vir jou oorvloedige lewe en die ewige lewe.”

En weet, as jy kom en in geloof aan Hom oorgee, sal jou lewe nooit weer dieselfde wees nie. Ons lees in Joh 7:38-39a: “Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.” Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang.

Jy drink Sy verkwikkende water van vergifnis, verlossing en lewe. Dit neem jou dors weg. Maar dit eindig nie daar nie. As jy jou lewe in geloof aan die Here oorgee, vul die Heilige Gees jou lewe. Hierdie twee goed loop saam. Dan is dit nie net jou dors wat verdwyn nie. Die Heilige Gees maak van jou ’n fontein van lewe. Sy strome van lewende verlossende water vloei uit ons uit. Ons lewens word ’n seën na buite, na mekaar en na ander. Die Heilige Gees neem nie net ons dors weg nie. Hy gebruik ons om ander se dors rondom ons te les.

Deur ons getuies te maak, laat die Heilige Gees strome lewende water uit ons vloei. Ons lees in Hand 1:8: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Ons lees ook in 2 Tim 1:7 hoe die Gees strome lewende water uit ons laat vloei: “Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.”

Net so min soos wat ons ’n fontein wat uitborrel kan toedruk, net so sal nie enige iets of iemand my getuienis kan “toedruk” as die Gees sy krag in my werk nie.

Liefde is die eerste deel van die vrug wat die Heilige Gees in ons werk. Die Heilige Gees maak my ’n ’n fontein van God se liefde.

Die Gees werk in my selfbeheersing sodat ek kan leef dit wat in 1 Pet 2:12 staan: “Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.”

So laat die Heilige Gees strome lewende water uit my vloei.

Afsluiting

Die Dooie See is die laagste natuurlike plek op aarde. Daar vloei net water, veral uit die Jordaanrivier, in dié see in. Die see ontvang net. Geen water vloei uit nie. Omdat daar nie uitvloei is nie, verdamp die water en is die soutgehalte van die see baie hoog. Daarom is daar geen lewe in die Dooie see nie. Net so gaan ons ook doodgaan as ons geestelik net ontvang en daar geen uitvloei uit ons lewens is nie.

Oorgegee aan Christus, maak die Heilige Gees van elkeen van ons ’n fontein van lewende water. Die Heilige Gees maak ons lewens nie net vol nie. Die Heilige Gees maak ons lewens oorvol. Die Gees maak ons getuies. Sy lewendgewende liefde en krag en selfbeheersing vloei uit ons uit na hulle wat dors het.

Amen